JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

NUUSBRIEF: 8 4 - 14 Maart 2022

RUGBY en NETBAL TEEN STAATS

Laerskool Staats van Kimberley bied ‘n sportdag op 10+11 Maart aan. Ons het nog nie die finale program ontvang nie. Die 0/7+0/8 spanne speel wel Donderdag middag/aand en die 0/9+0/11 spanne speel Vrydag middag/aand. Verdere reëlings sal op die ouergroepe deurgegee word. Leerders wat van busvervoer wil gebruik maak moet, asseblief die afskeurstrokie invul en Maandag, 7 Maart terugstuur. **GEEN** leerder sal op die bus toegelaat word as daar nie ‘n busvorm ingevul is nie. Daar is slegs ‘n beperkte hoeveelheid sitplekke beskikbaar. Indien daar ouers is wat kan help met vervoer moet julle asseblief vir Liané kontak.By voorbaat dankie.

RUGBY en NETBAL teen DE AAR

Al die rugby -en netbalspanne speel volgende kwartaal op Saterdag, 9 April teen De Aar, in De Aar. Daar is reeds gevra dat ouers moet laat weet of jul kind van busvervoer gebruik sal maak. Busse moet gehuur word, daarom moet ons nou al getalle kry. Vul asb die afskeurstrokie in en stuur Maandag, 7 Maart terug. Ons gaan slegs plek hou vir leerders wat reeds laat weet het of wat Maandag die afskeurstrokie terug stuur.

TOER

Die 0/13A rugby- en netbalspan vertrek Vrydag, 11 Maart na Hartenbos. Hulle gaan 3 wedstryde speel en vele aktiwiteite doen. Baie sterkte aan hierdie leerders en geniet dit! Hou Jakkies se naam hoog.
Klere oorhandiging vind op Donderdag, 10 Maart om 12h30 plaas.

BUITEMUURS

Ouers moet asseblief seker maak hul kinders daag op vir buitemuurs die week. Spanne moet gekies word. Leerders wat nie by oefeninge is sonder ‘n doktersbrief of ‘n geldige verskoning nie, sal nie in aanmerking geneem kan word vir die spanne nie.

- Ons vra vriendelik dat ouers nie die oefening van leerlinge sal bywoon, soos in die verlede versoek nie.

LANDLOOP

Ons begin reeds volgende kwartaal met Landloop. Leerders wat landloop wil doen, moet asseblief die vorm invul of een by Liané gaan haal. Daar moet lisensies bestel word. Vorms moet asseblief teen Donderdag 7 April by Liané ingehandig wees. Lisensie koste is **R80 vir Gr.1-6 en R150 vir Gr.7**. Gelde moet teen 30 April in die skoolrekening inbetaal word met **Verwysing: leerder se naam en landloop**.

TWEEKAMP

Baie geluk aan die volgende leerders wat plekke 1-6 behaal het by die Suid-Vrystaat Kampioenskappe wat Dinsdag, 1 Maart plaasgevind het.

Chanlé Jacobs – 3de plek
Rauch Burger – 2de plek
Ruben Bann – 6de plek
Ignus Jacobs – 4de plek
Christiaan Wilkinson – 6de plek
Leo Wilkinson – 4de plek

Baie geluk aan die volgende leerders wat in die Suid Vrystaat span opgeneem is:

Chanlè Jacobs
Rauch Burger
Ruben Bann
Stefan Erasmus
Leo Wilkinson
Ignus Jacobs
Christiaan Wilkinson
Chané Fourie
Luné Fourie

SPORTKLERE:

Ouers moet asseblief onthou die dogters moet netbal klere aankoop en seuns moet slegs ‘n pietiebroek aankoop.

TREKKING VAN JAGPAKKETTE:

Baie dankie aan alle ouers, leerlinge en onderwysers wat baie hard gewerk het met die verkoop van jagpakkette, Ons opregte waardering vir julle omgee en lojaliteit. Trekking vind plaas op Maandag, 7 Maart om 7h30 in Skoolsaal.
U is welkom om dit by te woon.

Donkey Derby:

Baie dankie aan elke koshuisouer asook plaaslike ouers wat die aand ‘n groot sukses gemaak het met julle vrygewigheid en positiewe gesindheid. Baie geluk en dankie aan ons koshuis komitee, koshuis matrone en haar personeel vir die goed georganiseerde aand.

OUERS:

- **Ouerklasbesoeke** - Verskuif na Maandag, 7 Maart: 15h00 – 17h00 in Skoolsaal (**Slegs gr 4-7**)
- **Ouervergadering** – 17h30
- **Afskeurstrokie** – Indien u ‘n besprekingspunt op die agenda wil plaas, voltooi die strokie en stuur Maandag terug. Woon asseblief die vergadering by om u punt te noem en te bespreek.

ALGEMEEN:

Graad 6 koekieverkoping vind plaas op Maandag, 7 Maart.

……
PW Tait
SKOOLHOOF

GEBEDSLYS:

Lappies Labuschagne (Baie siek)

2022 ASA PERMANENT LICENCE APPLICATION FORM

A licence number will only be issued to the club, by the province, when this form is fully and correctly completed by the applicant, verified by the club, and accompanied by payment in full. The club/province may use an electronic registration system, with the form electronically signed and EFT payments made, provided the electronic system is aligned with the ASA license registration application system.

I am a: Mark all activities relevant	Athlete		Coach		Technical Official		Office Bearer	
Discipline: Mark all activities relavant	Track & Field		Road Running		Off-Road Running		Race Walking	

Demographics - SRSA Requirement	Black		Coloured		Indian		White	
Age category - SRSA Requirement	Senior+		Junior		High School		Primary Schoo	
Gender: Male		Female		**Date of Birth** *(YYYY-MM-DD)*		-	-	
Title *(Mr/Ms/Dr/ect.)*			**Initials**					
Surname								
First Name								
Type of Identification Document	ID Book/Card		Birth Certificate		Passport		Refugee Permit	
			Number					

ASA Province	
2021 Licence Number	**2022 Licence Number**
Club Name (in full)	

Residential Address - Domicilium Rule			
			Code
Postal Address - Domicilium Rule			
			Code
Tel/Cell phone number	1st	2n	
Email address			
Occupation			

Next of Kin	Name		
Tel/Cell phone number	1st	2n	

DECLARATION: I declare that I am a bona fide athlete/coach/technical official/office bearer. I confirm that all the information provided on this application is true and correct. I understand that my participation in an athletics related event is subject to the ASA Constitution, its rules and regulations. I understand that this licence can be retracted should I violate the ASA Constitution, its rules and regulations. I hereby accept that I participate in any event of ASA and its members entirely at my own risk. I indemnify ASA and its members, sponsors and organisers of any event against all and any action of whatever nature which may arise out of my participation and I agree that it is my responsibility to be medically fit to compete in any event. I understand that my information may be shared with ASA partners, in accordance with the ASA Privacy Policy. I understand that if I am a minor, my parent and/or legal guardian understands the nature of the athletic activity, approve of the declaration above, and sign it on my behalf.

Date: ..... Signature applicant: .....

Date: ..... Signature of Parent/Guardian (Younger than 18yrs): .....

Club: I confirm that the above information is correct; the athlete is registered to no other club; and domicile is correct.

Date: ..... Signature of Club Representative: .....

Province: I confirm that the club is affilliated to the province; and the domicile of the club and application is correct.

Date: ..... Signature and stamp of the Province: .....

Ek, ..., ouer van .....,
in Gr..... gee my kind **toestemming / nie toestemming** om met die bus na:

☐ Staats sportdag **(Onderstreep watter dag)**
10 Maart - Donderdag 0/7+0/8
11 Maart - Vrydag 0/9 + 0/11

☐ Saterdag, 9 April – De Aar Sportdag

_____ _____
HANDTEKENING DATUM